# SARS VERWELKOM DIE HERSIENE INKOMSTESKATTING

**Pretoria, 24 Februarie 2021 -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die opwaarts-aangepaste inkomste-invorderingskatting soos aangekondig deur die minister van finansies Tito Mboweni met sy 2021-begrotingsrede vandag in die parlement.

Die COVID-19-pandemie het 'n rampspoedige impak op die inkomste-invordering gehad as gevolg van 'n veel erger ekonomiese ineenstorting as gedurende die 2008 finansiële krisis. Groot risikos tot ekonomiese groei en inkomste, bly die uitwerking van die COVID-19-pandemie. Dit het werksverliese en besnoeiïng, lae verbruiksaanvraag en gespanne maatskappywinsgewendheid aangedryf na die harde inperking en onsekere wêreldwye aanvraag.

Die Internasionale Monetêre Fonds verwag dat Suid-Afrika se 2020 BBP uitkoms, 'n dramatiese krimping van 7.5% sal ly. Daar word verwag dat ekonomiese bedrywighede momentum sal opbou in 2021, hoewel nuwe golwe en nuwe variante van die virus kommer inhou vir die vooruitsigte ten spyte van goedkeuring van onlangse teenstowwe. 'n Verwagting van swak groei-momentum reflekteer die talmende gevolge van die pandemie en die waarskynlikheid dat bepaalde versagtende maatreëls in plek sal moet bly.

Die hoogtepunte van die inkomste-uitslag was die erge ekonomiese uitwerking van COVID-19 op die sukkelende ekonomie. Verwagtinge van belasting-gebaseerdee groei het aansienlik afgeneem sedert die 2020-begroting. Persoonlike inkomstebelasting (PIB) invordering is geaffekteer deur toenemende werkloosheid en laer verdienste.  Maatskappye inkomstebelasting (MIB) invordering het afgeneem sedert 2018/19, gedryf deur, onder andere, dalende korporatiewe winste. Bepaalde aksynsregte sal na verwagting met bykans 50% afneem as gevolg van beperkinge op handelsbedrywighede en belastinguitstellings.

Sedert Oktober 2020, is daar 'n sterker as verwagte terugspringing in binnelandse belasting op toegevoegde waarde (BTW) en doeaneheffings spruitend uit die styging in verbruiking sedert die inperkingbeperkings verslap is. Maandelikse binnelandse BTW-invorderings is sedert Augustus hoër as die ooreenstemmige maande in 2019, en brandstofheffing-invorderings het ook verbeter.

Die sterkter kommoditeitspryse aan die einde van 2020, gekoppel aan die waardevermindering van die rand, het kommoditeitsverkope 'n hupstoot gegee te midde van 'n styging in wêreldwye aanvraag, en dus die styging in invordering van belastinginkomste (voorlopige MIB) uit die mynsektor onderstut.

Ten spyte van 'n baie uitdagende en bedwingde bedryfsomgewing, het inkomste-invordering bo die  teikens presteer wat in die Oktober 2020 Mediumtermyn Begrotingbeleidsverklaring (MTBBV) gestel is. Na aanleiding van die herstel in verbruik en lone tussen Oktober en Desember 2020, en 'n hupstoot aan MIB-ontvangste uit die mynsektor, word daar verwag dat 2020/21 inkomste-invorderings R 99.6 miljard meer as die 2020 MTBBV-skatting sal wees.

Die minister het dus die inkomsteskatting aangepas, in afwagting van 'n beter as verwagte inkomste-invordering, na R1 212.2 miljard en die 2021/22-skatting is gestel op R1 365.1 miljard.  Die 2020/21 fiskale jaar se belasting-tot-BBP verhouding staan nou op 24.6% en word verwag om terug te spring na voor-COVID-19-vlakke van 26.3% eers in die 2027/28 fiskale jaar. Die geprojekteerde inkomste-invorderings van R1 212.2 miljard, weergee belastinginkomste vir die finansiële jaar tot Maart 2021 wat vinniger inkrimp teen10.6% as die ekonomie wat 'n geprojekteerde inkrimping van 4.4% toon vir dieselfde tydperk. Die inkomste is beïnvloed, onder andere, deur die belastingverligtingmaatreëls, maatskappye wat aangeslane verliese toon en gevolglik die invordering van maatskappye inkomstebelasting laat afneem, indienshouding- en salarisvlakke wat afneem met 'n ongunstigde uitwerking op werknemersbelasting en uiteindelik algehele verbruik wat nie gou genoeg terugspring na die voor-COVID-19-vlakke nie en dus 'n invloed het op die invordering van verbruiksbelastings. Daarmee saam, toon die skerp dalingskoerse in inkomste, die impak van die verbod op die verkoop van alkohol en sigarette en die gepaartgaande impak op aksynsbelastings. Te midde van die uitdagende jaar, het SARS sy wetstoepassende bedrywighede verskerp, wat 'n R107 miljard impak getoon het, ingesluit by die weergegewe inkomste op 31 Desember 2020.

Die onsekerheid in die ekonomie sal waarskynlik voortduur in 2021/22, maar ons is daartoe toegewyd om met oorgawe te werk, met geen moeite gespaar, om die skatting te behaal.  Ons sal voortdurend sekerheid, duidelikheid en voorspelbaarheid bied aan belastingpligtiges om hulle in staat te stel om hulle verpligtinge na te kom. SARS bespoedig innovasies jeens sy uitkyk om dit kommervry te maak vir standaard-inkomsteverdienstiges, en makliker vir alle belastingpligtiges om met die organisasie sake te doen. Terwyl ons die kultuur van vrywillige nakoming verdiep, werk ons ook daaraan om die moeilik en duur te maak vir belastingpligtiges wat nie hulle verpigtinge nakom nie.

Ons is opreis na 'n "slim en moderne SARS, met onbetwisbare integriteit, vertroud en bewonderd". Ons fokus is op 'n aantal prioriteite om, onder andere, die standaarddata van belastingpligtiges deur derdepartye uit te brei en ander bronne van inligting, asook om die gebruik van data deur masjienkennis en kunsmatige intelligensie uit te brei. Klem lê op die uitbrei van die belastingbasis, die verbetering van belastingnakoming, 'n verhoogde fokus op rykdombelasting en die verskerping van pogings in reaksie tot die onwettige en kriminele ekonomie.

Dankie aan alle Suid-Afrikaners vir julle bydraes en ondersteuning.

Jou belasting maak saak!

Verwys na aanhegsel vir inkomstegrafieke.

Vir meer inligting, kontak sarsmedia@sars.gov.za